



deur N. H. THEUNISSEN

IN hierdie artikel gaan ek 'n begin maak met ons piekniek- en dansliedjies wat almal so te sê weergebore is met die verbreiding in die gebruik van Afrikaans oor die radio en die algemene totstandkoming van Boere-orkeste wat dit tot gevolg gehad het.

Baie van hierdie liedjies is fragmentaries en dis duidelik dat hulle maar stukkie en brokkies is van baie langer liedere wat in die 18de eeu goed onder die mense bekend was. Die invoer van die Skotse predikante aan die begin van die afgelope eeu het, soos ek reeds gesê het, die ontwikkeling van ons volkskultuur 'n geweldige slag toegedien. Hulle het alle liedere, liefdes- sowel as dansliedere, genadeloos in die ban gedoen en ten gevolge hiervan is die stukkie wat vandag oorby, slegs die gedeelteties wat so'n houvas op die groot-publiek gekry het, dat hulle al hierdie teenstand oorleef het.

Hierdie ou liedjies word baie maal as hotnotsliedjies bestempel. Dis slegs 'n halwe waarheid. Die Kaapse kleurlinge het 'n groot aanleg vir musiek en in die ou dae het hulle gewoonlik die musiek by danse verskaf. Die oorspronklike wysies het hulle nie self gekomponeer nie, maar van ons voorouers, die Hollanders, geleer, en toe ons baie van die liedere vergeet het, het dit onder hulle bly voortbestaan.

'n Ou reisiger wat die Kaap teen die einde van die 18de eeu besoek het, vertel hoe hy gaan kuier het by 'n sekere mnr. De Villiers (as ek reg onthou), 'n ryk Bolandse boer. Vroeg die more is ons vriend deur sagte strelende musiek wakker gemaak. Hy loer by die venster uit en sien 'n sestal kleurlinge onder die akkerboom allerlei liedjies sit en speel. By ontbyt het hy sy gasheer bedank vir die mooi manier waarop hy wakker gespeel is. „O nee,” het mnr. De Villiers geantwoord. „dit was nie spesiaal vir jou bedoel nie. Ek laat my elke oggend so wakker speel.”

Een ding waarna ons veral moet oplet, is die baie variasies wat voorkom. Die woorde van baie van hierdie liedere verskil van distrik tot distrik. Daar is niks makliker nie as om die woorde van 'n stuk, veral as die musiek lewendig en opgewek is, te verander gedurende die sing daarvan of te laat aanpas by plaaslike omstandighede. Die woorde van die oorspronklike lied is bv. „Ek soen die nooi van Biesiesfontein,” en die een of ander jongkêrel sing dit: „Ek soen

die nooi van Wolwefontein,” net omdat sy nooi van Wolwefontein kom.

As voorbeeld van verskille in 'n liedjie van distrik tot distrik, gee ek hierdie beginlyne van die bekende „Aljander, aljander al deur die bos” (ek ontleen die meeste aan dr. J. S. du Toit se interessante boek oor Volkspoësie):

(a) *Aljander, Aljander al deur die bos,*  
*My Mama en Papa kook lekker kos.*

(b) *Al jare, al jare, al deur die bos,*  
*My Ma kook sulke lekker kos.*  
*(Stellenbosch.)*

(c) *Dadel, dadel deur die bos,*  
*Anderkant is lekker kos.*  
*(Amersfoort.)*

(d) *Koljander, koljander, deur die bos,*  
*Ketting steek in die druiwetros.*  
*(Worcester.)*

(e) *Aderjana, Jana deur die bos,*  
*My Pa en Ma kook lekker kos.*

(f) *Aderjana, Jana lui die klok,*  
*My liewe Ma is 'n goeie kok.*

En so is dit met byna elke liedjie. Ek begin hier met „Jan Pierewiet.” Dis duidelik dat dit 'n oorblyfsel is van 'n baie ou danslied. Onthou moet word dat in die outyd daar by meeste danse gesing is. Daar was gewoonlik 'n voorsanger wat bevele gesing het, soos:

*Vat jou nooi,  
 Laat haar kom,  
 Swaai haar nou,  
 Draai haar om.*

**JAN PIEREWIET**  
*Jan Pierewiet, Jan Pierewiet,  
 Jan Pierewiet staan stil,  
 Jan Pierewiet, Jan Pierewiet,  
 Jan Pierewiet staan stil,  
 Goeiemore my vrou,  
 Hier's 'n soentjie vir jou,  
 Goeiemore my man,  
 Daar is koffie in die kan.*

*Jan Pierewiet, ens.  
 Want die rokkies die draai,  
 En die lintjies die waai,  
 En so ry ons weg,  
 Na die punt van Blouberg.*

*Jan Pierewiet, ens.  
 Dan swaai ek jou so,  
 Dan draai ek jou so,  
 Kan jy hotom ook draai,  
 Kan jy haarom ook swaai.  
 Hier volg 'n paar wisselvorme:  
 Pollie Witvoet, Pollie Witvoet,  
 Pollie Witvoet staan stil,  
 Pollie Witvoet, Pollie Witvoet,  
 Pollie Witvoet staan daar,*

*Dat die boutjies so dril,  
 Dat die wysie so tril,  
 Kom gee my 'n soentjie,  
 Jy kan dit tog spaar.*

*Oom Lodewyk, Oom Lodewyk,  
 Waarom drink jy so wyn,  
 Oom Lodewyk, Oom Lodewyk,  
 Waarom drink jy so wyn.  
 Omdat dit jou nie traak,  
 Oor dit lekker smaak,  
 Daarom drink ek die wyn,  
 Dit smaak tog so fyn.*

In die F.A.K.-bundel verskyn ook 'n „Jan Pierewiet” van die hand van oorlede senator Langenhoven, wat as volg begin:

*Jan Pierewiet, Jan Pierewiet,  
 Jan Pierewiet staan stil,  
 Jan Pierewiet, Jan Pierewiet,  
 Jan Pierewiet draai om,  
 Hy draai om en hy leen,  
 Van sy ouma 'n bril  
 En hy soek met die bril,  
 'n VROUTJIE VIR HOM.*

'n Ander lied met baie variasies is „Pollie Ons Gaan Pêrel-Toe.” Ons gee hier 'n aantal versies uit verskillende dele van die land.  
 (Vervolg op bladsy 44)

**A.B.C. CYCLE CO.,**  
 COMMISSIONER-STRAAT 149,  
 JOHANNESBURG.

Die mees betroubare firma in Suid-Afrika vir fietse, spaardele, grammofone, plate, gereedskap, skoene ens., ens. Ons is deskundiges in posbestellings en kan u beter, gouer en goedkoper bedien as enige ander firma.

Skryf om nuwe 48 pag. voluit geïllustreerde katalogus. Dit word GRATIS VERSKAF.

**A.B.C. CYCLE CO.,**  
 POSBUS 8172, JOHANNESBURG.

## SIENING EN BEELDING

(Vervolg van bladsy 30)

ding, en ons dit van onnodige versiering suiwer as ons direk beeldend sê: „Dit het gestortreën,” of gewoon in die trant van die Nuwe Saaklikheid, wat die konsekwentste beelding is: „Stortreën!”

Uit die vertelling kom ons dus vanself tot beskrywing. Dan is dit 'n kort stappie na omskrywing met 'n vergelyking. Ons gooi die oortolige van die vergelyking weg en kom tot essensiële beelding of tot die enkele beeldende woord van die Nuwe Saaklikheid. Hiermee kan 'n mens natuurlik te ver gaan. Jy kan te veel verg van die verbeelding van die leser, wat telkens die prentjie voor sy gees moet oproep en wat dit al moeiliker en vermoeiender kan vind na mate die terrein waarheen jy hom voer, hom minder bekend is. Daarom is dit noodsaaklik dat selfs in die uiterste graad van die beelding ons nie die vergemaklikende hulp van breër omskrywing, van gewone beskrywing en selfs van vertelling sal versmaad nie.

Die versoeking is baie groot om hierna te verval in 'n loflied op die een of die ander skryfmethode, hierbo genoem, of om die deugde en gebreke van die een teen die ander se deugde en gebreke op meer wetenskaplike manier op te weeg. Die eerste sou egter te dogmatis wees; die tweede grotendeels onnut. Ons kan wel sê dat beelding lewendiger is, maar wie sal sê dat dit noodwendig meer artistiek is? En selfs al sou dit meer artistiek wees om hoofsaaklik van die beeldende woord gebruik te maak, wie wil kom beweer dat 'n kunstwerk, só geskep, noodwendig groter en duursamer en ewiger in menslike waarde is? Daar is van die duursaamste, blywendste en ontroerendste

prosastukke geskryf, vallende onder die genre van die skilderend-vertellende prosa, wat feitlik uitsluitend vertelling is, met miskien maar toevallig 'n beeldende woord hier en daar, omdat die eenvoudigste taal dit aanbied, of 'n enkele omskrywende beeld by wyse van 'n versierende vergelyking. Dit is waar dat die lewendigheid en die interesse by die vertellende trant hoofsaaklik afhang van die uiterlike gebeure, terwyl die beelding groter lewendigheid bring sonder die steun van uiterlik-spannende gebeure; dit is waar dat daarom die romantiese verhaal meer vertellend kan wees, terwyl die sielkundige verhaal noodwendig meer beeldend moet wees om te kan deug. Maar is dit nie miskien maar net omdat die vertellende skrywer nie altyd sy gebeure essensieel genoeg gekies het nie? In die Bybel is daar feitlik suiwer vertellings wat nog sal bestaan, wat nog sal bekoor en ontroer wanneer hooggeroemde beeldende stukke al lank vergeet is. In die Griekse en Latynse oudheid is daar sulke eenvoudige vertellings wat aan inhoud en menslike waarde so ryk is, dat dit rene stukke beeldende woordskildering onbereikbaar ver oortref.

Daar is die nuttelosheid van 'n vergelyking tussen die waarde van hierdie twee kernmethodes van die prosakuns in die verhaal: Jy begin om die een te roem en jy eindig met die ander te seën.

## ANHANGSEL

Oefening vir jong skrywers en vir party oues:

1. Vertel 'n verhaal.
2. Beeld dieselfde verhaal:
  - (a) in sy essensiële dele;
  - (b) deurgaans by wyse van opeenvolgende prentjies.

## KINDERS VAN DIE VELD

(Vervolg van bladsy 15)

kom, want in die skielike afgeslotenheid van die bosveldlewe het sy meer as ooit tevore die behoefte aan menslike kontak gevoel.

Sy was skielik bang vir die nag en kon 'n gevoel van naderende onheil nie van haar afwerk nie. Sy troos haar met die gedagte dat dit maar die gevolg van haar vertrooide senuwees is. Die groot verandering waarteen sy so hard gestry het en wat haar so baie trane en hartseer gekos het, het haar senuwees heeltemal in duie laat val. Sy moes liever 'n dokter geraadpleeg het voordat hulle uit gekom het.

Onlustig het sy die predikant se vrou na die spaarkamer geneem. Sy sou verkies het om die hele nag te sit en gesels.

„Wel, vroultjie,” sê Pieter, toe hulle in hul slaapkamer kom en hy haar liefkosend om haar lyf vat en sag teen hom aandruk, „moreoggend kan die mossies op die vensterbank en die tortelduiwe in die jakarandaboom hier voor die venster, jou wakker sing met hul moreliedjies. Watter kontras sal dit nie wees met die eentonige, skril gefluit van die myne, fabriek en treine op die Rand nie! Vroeg sal ek die dam gaan ooptrek en jy sal kan luister na die geritsel en gelag van die water as dit hier voor die venster verbyvloei na die groentetuin. Hester, ou-kind, ons is kinders van die veld, en hier op die vrye, wye ope veld, sal ons ons lewe kan uitleef soos die Skepper dit vir ons bedoel het.”

Stadig het sy haarself uit sy arms losgewikkel sonder om te antwoord en na die bed in die hoek an die kamer gegaan waar hul twee kinders slaap. Pieter het haar bewegingloos agternagestaar. By die bed het Hester gaan kniel en in 'n stortvloed van trane haar gesig verberg in die kussing waarop haar jongste dogter slaap.

Pieter wat diep bewoë was oor die droefheid van sy vrou, maar dit nie wou toon nie, was op die punt om langs haar by die bed te gaan kniel, toe sy twee plaashonde buite skielik hewig aan die blaf gaan. Tussen die lawaai van die honde deur, hoor Pieter skielik die benoude gebulk van 'n kalf; daar is 'n gedreun soos van diere wat hardloop. Pieter dink dadelik aan die luiperd. Hy gryp die fietslamp en haak dit om sy kop. Die geweer, wat agter die deur gestaan het, word skielik opgeneem en hy storm by die agterdeur uit.

Verskrik kom die predikant en sy vrou by die kombuis ingestorm vanwaar Hester vir Pieter oor die onderdeur agternastaar. Hulle kan sy gang volg deur die lig van die lamp wat nou hoog teen 'n boom aanlig en dan weer teen die kraalmuur vasslaan. Nou is hy agter die kraal om en kan nie meer gevolg word nie.

Daar blaf weer 'n hond; weer die benoude gebulk van 'n kalf — stilte — dan knal 'n geweskoot. Daarná heers 'n onheilspellende stilte. Die drie persone wat nog altyd oor die agterdeur die donker instaar, kon hul harte hoor klop. Stilte — 'n stilte soos dié van 'n woestyn — 'n stilte wat so diep is dat jy dit kon hoor.

Ou Filant, wie se stroois die naaste aan die opstal is en wat die skoot gehoor het, het langsaam en versigtig nadergekrom huistoe. Teen die lig van die kers wat op die kombuistafel brand, kon hy die drie figure oor die agterdeur sien leun. Hy kom stadig nader en die predikant vra: „Wie is daar?” „Hy isse ekke hiersó,” antwoord die ou.

„O, dis Filant,” sê Hester en sy vervolg: „Ou Filant, die Basie het die luiperd gaan skiet, maar nou kom die Basie nie weer terug nie; jy moet gou-gou vir Piet en Kas gaan roep (Vervolg op bladsy 45)

## ONS VOLKSLIEDJIES

(Vervolg van bladsy 13)

**POLLIE ONS GAAN PÉREL-TOE.**  
Pollie ons gaan Pérel-toe  
Pollie ons gaan Pérel-toe  
Pollie ons gaan Pérel-toe  
Jy en ek alleen.

Hartlam vat vir jou 'n stuk,  
Hartlam vat vir jou 'n stuk,  
Hartlam vat vir jou 'n stuk,  
Net vir jou alleen.

Die wêreld is vir my en jou  
Die wêreld is vir my en jou  
Die wêreld is vir my en jou  
Net vir ons alleen.

My liefde is vir jou alleen  
My liefde is vir jou alleen  
My liefde is vir jou alleen  
Net vir jou alleen.

Vra vir jou ma vir 'n opsitkers  
Vra vir jou ma vir 'n opsitkers  
Vra vir jou ma vir 'n opsitkers  
Net vir ons alleen.

Vra vir jou ma vir 'n velkombers  
Vra vir jou ma vir 'n velkombers  
Vra vir jou ma vir 'n velkombers  
Net vir ons alleen.

Hartlam ek het lief vir jou  
Hartlam ek het lief vir jou  
Hartlam ek het lief vir jou  
Net vir jou alleen.

En so is daar nog talle ander versies. 'n Ander variasie is:

Dag lief hartjies,  
Dag mooi skapies,  
Dag suikerbekkies,

Ons moet jul nou verlaat.  
Pollie ons gaan Pérel-toe,  
Pérel-toe, Pérel-toe,  
Pollie ons gaan Pérel-toe,  
Daar onder by die Kaap.  
Dag bruin ogies,  
Dag rooi lippies,  
Dag sagte handjies,  
Ons moet jul nou verlaat.  
Pollie ons gaan . . . ens,

Dag soet laggies,  
Dag lief skatjies,  
Dag klein bliksempies,  
Ons moet jul nou verlaat.  
C. J. Langenhoven het ook hier 'n liedjie geskryf waarin hy sy eie woorde gebesig het (dit is te vinde in die F.A.K.-bundel). Die eerste drie versies lui as volg:

Pollie ons gaan Pérel-toe  
Pollie ons gaan Pérel-toe  
Pollie ons gaan Pérel-toe  
Wat gaan sy daar maak,

Sy gaan na haar kèrel-toe  
Sy gaan na haar kèrel-toe  
Sy gaan na haar kèrel-toe  
Soos dit niemand traak.

En wat sal die wêreld sê  
En wat sal die wêreld sê  
En wat sal die wêreld sê  
Pollie gaan alleen (ens.).

Hier volg nou 'n paar versies van:  
**VER IN DIE WÊRELD, KITTIE.**  
Ver in die wêreld, Kittie, Kittie,  
Kittie,  
Ver in die wêreld, Kittie,

Kittie oor die see,  
Sy laat haar draai,  
En sy laat haar swaai,  
Maar sy laat haar nie verraai.  
Maar sy laat haar nie verraai.  
Ver oor die wêreld, Kittie, Kittie,  
Kittie,  
Ver oor die wêreld, Kittie,  
Kittie hoor hiersó,  
Laat ek jou draai,  
Laat ek jou swaai,  
Die lewe is maar eenmaal fraai.

Ver in die wêreld, Kittie, Kittie,  
Kittie,  
Ver in die wêreld, Kittie,  
Kittie oor die see,  
Ek sal haar draai,  
En ek sal haar swaai,  
En ek sal haar draai dat die linte waai.  
Die laaste lyn in die laaste versie verskil van dieselfde lyn in die ander versies.

## HIER'S SY WEER.

Hier's sy weer, hier's sy weer,  
Met haar rooi rok voor jou deur,  
Ek wil haar hê,  
Ek sal haar kry.  
Ek sal haar kry.  
Al slaan haar ma  
My driemaal op my kop,  
Dan staan ek op,  
En kom ek weer.

Dit is die woorde wat oor die radio kom. Ons het dit egter altyd so gesing:

## ROOI ROKKIE.

Hier's sy weer, hier's sy weer,  
Met haar rooi rokkie,  
En ek wil haar hê,  
En ek sal haar kru.

Al slaan haar ma my dat ek byna bars!

Ek wil haar hê,  
En ek sal haar kry.  
En ek kielie vir jou vanaana,  
En ek kielie vir jou vanaand.  
Ek is 'n lekker kèrel,  
Niemand keer my daar.  
(Word vervolg.)

## Die Storie Van Die Mensdom

(Vervolg van bladsy 39)

Engeland se verdediging swak en onvoorbereid is. Hy het toe daaruit afgelei dat Engeland ook niks teen Japan sou doen as Japan nou troepe in Suid-Sjina land en Kanton aanval ten einde te belet dat genl. Sjiang Kai-Sjek in Hankou hulp vanuit Kanton kan verkry.

Soos julle waarskynlik reeds weet, het dertigduisend Japanse troepe reeds in Suid-Sjina reg teenoor Kanton geland en hulle is reeds noual vinnig besig om na Kanton op te marsjeer. As hulle Kanton inneem, sal hulle Hankou van die buitewêreld afsny en sal ook Hankou nie meer lank teen hulle kan uithou nie.

Prins Konoje was reg. Engeland het niks gedoen nie. Dit is dus byna seker dat die Japanners binnekort ook die res van Sjina sal verower. Dit is die betekenis van die Japanse inval in Suid-Sjina en die opmars na Kanton.

Met beste groete, jul  
OOM BEUKES.